# FRIENDS OF FAERIE GLEN NATURE RESERVE (FFGNR)
# VRIENDE VAN FAERIE GLEN NATUURRESERVAAT (VFGNR)

www.fgnr.co.za
admin@fgnr.co.za
PO Box 915-1496
Jaco 071 140 4412
Faerie Glen
Louise 072 275 0614
0043
Fax 086 657 8440


## Newsletter June 2013

The past couple of months have been filled with activities conducted by the Friends of the Faerie Glen Nature Reserve. In February this year, Jaco Engelbrecht and Louise Kritzinger took over the management of the FFGNR from Anton Jansen. We again thank Anton for his commitment to the Friends these past 20 years.

The AGM took place on 22 May, which was attended well by over 40 people, comprising mostly of members. Up to date, we have about 50 paid up members for 2013. The Friends' website was also launched and can be visited at **www.fgnr.co.za**. The minutes of the AGM was released to all members and the parties who attended the meeting.

As frequent visitors to the FGNR are well aware, the invasive plant species present in the reserve threatens the survival of indigenous and endemic species unique to the Bronberg. The FFGNR considers the eradication of alien vegetation as a top priority. Numerous actions have been launched in this regard:

On 18 May, members of NG Church Lynnwood and NG Church Doringkloof assisted in a clean-up operation led by dendrologist Izak van der Merwe. A wild peach tree (*Kiggelaria Africana*) was planted near the entrance, young Eucalyptus trees were felled and rubbish was collected. Furthermore about a third of the overgrown arboretum pathways were cut open and the arboretum trees given water. Thanks again to Izak, Ds Peet Craus, Ds Chris Swart and all the volunteers who participated.

## Nuusbrief Junie 2013

Die afgelope paar maande was 'n bedrywige tyd vir die Vriende van die Faerie Glen Natuurreservaat. In Februarie vanjaar het Jaco Engelbrecht en Louise Kritzinger die bestuur van die VFGNR oorgeneem by Anton Jansen. Ons bedank vir Anton vir sy toewyding aan die reservaat die afgelope 20 jaar.

Die Algemene Jaarvergadering het plaasgevind op 22 Mei en is goed bygewoon deur meer as 40 mense, waarvan meeste lede is. Sovêr is ongeveer 50 lede se gelde ingevorder vir 2013. Die Vriende se webwerf is ook geopen en kan besoek word by **www.fgnr.co.za**. Die notules van die vergadering is vrygestel aan al die lede en partye wat die vergadering bygewoon het.

Soos gereelde besoekers van die FGNR mag weet, is die indringer plantspesies teenwoordig in die reservaat 'n groot bedreiging vir die inheemse en endemiese spesies van die Bronberg. Die VFGNR beskou die uitroei van indringers as 'n hoof prioriteit. Verskeie aksies is onlangs geloods in verband met die bestryding van indringers:

Op 18 Mei het lidmate van die NG Kerke Lynnwood en Doringkloof gehelp met 'n skoonmaak veldtog, gelei deur dendroloog Izak van der Merwe. 'n Wildeperskeboom (*Kiggelaria Africana*) is geplant naby die ingang, jong Bloekoms is afgesaag en rommel is opgetel. Die arboretum het bietjie aandag geniet deurdat bome water gegee is en ongeveer 'n derde van die vergroeide arboretum paadjies is weer oopgesny. Dankie aan Izak, Ds Peet Craus, Ds Chris Swart en die ander barmhartige Samaritane wat uitgehelp het.


WILDLIFE AND ENVIRONMENT SOCIETY OF SA
People caring for the Earth

Affiliated to the Wildlife and Environment Society of South Africa
Fund Raising Number: 01 1000 78 000 3

On Saturday 8 June another clean-up took place by members of the FFGNR. 17 people assisted in the eradication of *Lantana Camara* on the Northern side of the 'koppie'. We thank everyone who took part in the action. Afterwards a picnic and lucky draw was held at the entrance of the reserve. Ruth won the Blue guarri (*Euclea crispa*) which was the prize. A follow-up session will be arranged for the month of August.

As most members who attended the AGM would know, the Moreletaspruit Sewer Outfall project's section in the reserve is nearing completion. Rehabilitation of the pipeline strip already started in the month of March with the planting of trees. The rehabilitation process has been halted for the cold winter months and will resume when weather conditions are more favourable for planting and hydro-seeding.

Lastly, we would like to inform everyone as to the changes taking place at the reserve entrance. Dedicated member and ecologist, Tessa Joubert is cleaning the reserve entrance of alien vegetation and preparing the soil for the planting of the correct indigenous plants. These plants will include shrubs, aloes and grasses. If there is anyone who would like to contribute towards this project, contact Jaco/Louise at admin@fgnr.co.za

Daniël van der Merwe (left) and Liam Smith (right) assisting with the planting of the wild peach tree (*Kiggelaria Africana*) on 18 May.

Op Saterdag 8 Junie het nog 'n skoonmaak-aksie plaasgevind. 17 lede van die VFGNR het die westekant van die koppie uitgeklim om *Lantana Camara* uit te roei aan die noordekant. Ons bedank almal wat hulle tyd opgeoffer het op hierdie dag. Na afloop van die operasie is 'n piekniek gehou by die ingang en loodjies is getrek vir die prys, naamlik 'n Bloughwarrie (*Euclea crispa*). Geluk aan ons wenner, Ruth. 'n Opvolg sessie sal gereël word vir Augustus maand.

Soos meeste lede sal weet wat die Algemene Jaarvergadering bygewoon het, is die Moreletaspruit Sewer Outfall projek se seksie in die reservaat byna voltooi. Rehabilitasie van die versteurde area het reeds in Maart begin met die aanplanting van jong boompies. Die rehabilitasieproses is gestaak vir die winter en sal hervat word wanneer weersomstandighede meer gunstig is.

Laastens wil ons almal op hoogte bring van die veranderinge wat tans te siene is by die reservaat se ingang. Toegewyde lid en ekoloog, Tessa Joubert is besig om die tuin aan die voorkant van die reservaat op te knap. Indringer spesies is verwyder en beddings is in die proses om voorberei te word vir inheemse plantegroei, naamlik stuike, aalwyne en grasse. As daar enigeen is wat wil bydra tot die projek, kontak Jaco/Louise by admin@fgnr.co.za.

Voorbeeld van *Lantana Camara* wat op 8 Junie deur die VFGNR afgeknip en behandel is met 'n onkruiddoder.